25 Junie 2026

Dr E. Ntoba
Munisipale Bestuurder
Dawid Kruiper Plaaslike Munisipaliteit
Gemeenskapsentrum
Markstraat 2
UPINGTON
8800

Per e-pos: manager@dkm.gov.za

Beste Dokter Ntoba

## ONVOLDOENDE ONDERHOUD VAN STORMWATERSTELSELS, VERSTOPTE PYPE EN MANGATE, ASOOK GEBARSTE HOOFWATERPYPE WAT VEILIGHEIDS- EN GESONDHEIDSRISIKO'S INHOU

Hiermee wil ons ons ernstige kommer uitspreek oor die toestand van die stormwaterafvoerstelsels en waterinfrastruktuur binne die Upington-omgewing, insluitend sakegebiede en woongebiede.

Daar word gereeld ondervind dat stormwater nie behoorlik vanaf strate, sypaadjies en residensiële erwe afgevoer word nie weens verstopte of geblokkeerde stormwaterpype, mangate en afvoerkanale. Die gebrek aan gereelde inspeksie, instandhouding en skoonmaak van hierdie infrastruktuur veroorsaak dat reënwater opdam en in sommige gevalle huise, ondernemings en openbare ruimtes oorstroom.

Verder is daar gevalle waar hoofvarswaterpype bars, wat groot hoeveelhede water vrystel wat in inwoners se huise, erwe en ondernemings invloei. Hierdie situasies veroorsaak nie net skade aan eiendom nie, maar stel inwoners en die publiek ook bloot aan ernstige veiligheids- en gesondheidsrisiko's.

### Wetgewende verantwoordelikhede

Ingevolge die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, spesifiek artikel 152, is plaaslike regering verantwoordelik om:

- ’n veilige en gesonde omgewing te bevorder;
- volhoubare dienslewering aan gemeenskappe te verseker; en
- die behoeftes van die gemeenskap op ’n verantwoordbare wyse aan te spreek.

Verder bepaal die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelselswet 32 van 2000 dat munisipaliteite verplig is om infrastruktuur en basiese dienste effektief te bestuur, onderhou en verbeter.

Die Nasionale Waterwet 36 van 1998 vereis dat waterinfrastruktuur behoorlik bestuur moet word om skade aan persone, eiendom en die omgewing te voorkom.

Daarbenewens plaas die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid 85 van 1993 ’n algemene plig op verantwoordelike owerhede om risiko’s vir die gesondheid en veiligheid van werknemers en die publiek te identifiseer, te beheer en te voorkom.

## Veiligheids- en gesondheidsrisiko’s

Die huidige toestand van die stormwater- en waterstelsels skep onder andere die volgende risiko’s:

- Oorstroming van woonhuise, ondernemings en openbare fasiliteite
- Beskadiging van geboue, fondasies, paaie en ander infrastruktuur
- Gevaar vir motoriste en voetgangers as gevolg van water op paaie
- Verhoogde risiko van verdrinking, veral vir kinders
- Potensiële elektriese gevare waar water met elektriese installasies in aanraking kom
- Stagnerende water wat die verspreiding van siektes en insekte kan bevorder;
- Finansiële verliese vir inwoners en sakeondernemings

## Versoek

Ons versoek hiermee dat die munisipaliteit dringend:

1. ’n omvattende inspeksie van alle stormwaterpype, mangate en afvoerstelsels in die Upington-gebied uitvoer;
2. ’n gereelde instandhoudings- en skoonmaakprogram implementeer;
3. spoedige herstelwerk aan geblokkeerde of beskadigde infrastruktuur verrig;
4. noodreaksieprosedures versterk vir gevalle waar hoofwaterpype bars;
5. gemeenskappe op hoogte hou van beplande instandhouding en herstelwerk; en
6. ’n risiko-assessering uitvoer van gebiede wat gereeld deur oorstromings geraak word.

Dit is van kardinale belang dat hierdie aangeleentheid met die nodige dringendheid aangespreek word ten einde die veiligheid, gesondheid en welstand van die inwoners en ondernemings van Upington te beskerm. Ons vertrou dat die munisipaliteit die nodige stappe sal neem om hierdie probleem op ’n verantwoordelike en volhoubare wyse aan te spreek.

Vriendelike groete

**Werner Strauss**
**Distrikskoördineerder: Noord-Kaap**
**AfriForum**
**Sel: 081 217 1752**
**E-pos: werner.strauss@afriforum.co.za**

AfriForum